**Publication:** Beeld
**Title:** Guinness-rekord met hart vir meisies
**AVE:** 46436.76
**Page:** 3
**Publish Date:** 20 May 2024
**Author:** Susan Cilliers

# Guinness-rekord met hart vir meisies

**Susan Cilliers**

'n Organisasie wat arm meisies waardigheid wil gee, het met die hulp van studente aan die Noordwes-Universiteit (NWU) 'n Guinness-wêreldrekord opgestel deur 51 870 sanitêre doekies in rye van altesame 3,5 km te pak.

"Ons was in die wolke toe ons vroeg in Mei hoor Guinness erken die rekord," het Thabang Ramabodu, stigter en bemarkingshoof van GoAllOut, 'n organisasie sonder winsbejag, gesê. Die projek om sanitêre ware aan jong meisies te verskaf, was onder die vaandel van GoAllOut.

Ramabodu, 'n oudstudent aan die NWU, sê die organisasie doen baie werk onder studente om hulle onder meer leierskap- en onderhandelingsvaardighede te leer. "Ons pak ook saam met hulle projekte aan wat 'n impak op die groter gemeenskap het."

Die studente aan die NWU se Mahikeng-kampus wat die projek aangepak het, het reeds in 2022 daaraan begin werk. Die groot uitdaging was om die sanitêre ware in te samel. "Hulle het dit op 'n prettige manier gedoen deur onder meer vyf skole in Mahikeng uit te daag om die meeste doekies te probeer insamel," sê Ramabodu. "Houers is ook by winkelsentrums geplaas waar mense doekies kon ingooi."

Danksy die studente se harde werk en vennootskappe met Bidvest Steiner en ander korporatiewe skenkers, is 'n allemintige hoeveelheid doekies ingesamel – meer as 100 000.

Dit het 200 vrywilligers 18 uur geneem om die altesame 51 870




**Eagi, die Noordwes-Universiteit se gelukbringer, bekyk die sanitêre doekies terwyl dit uitgepak is vir die wêreldrekordpoging. Mafike, die Mahikeng-kampus se gelukbringer, is op die agtergrond by 'n ongeïdentifiseerde persoon.**



**Die sanitêre doekies nadat dit in rye uitgepak is vir die wêreldrekordpoging.**

doekies oor 'n afstand van 3,5 km in die NWU-Mahikeng-kampus se groot saal uit te pak.

Dié inspirerende gebeurtenis het in Augustus verlede jaar plaasgevind, maar Guinness

> **In Suid-Afrika loop 30% van meisies skool mis tydens hul maandstonde omdat hulle nie toegang tot sanitêre doekies het nie.**

World Records het ná 'n tydrowende verifikasieproses eers vroeg in Mei laat weet dit is inderdaad 'n wêreldrekord.

Beeld is in besit van stawende dokumente.

Ramabodu sê wat die uitpak nog ingewikkelder gemaak het, was dat die doekies uit hul oorspronklike verpakkings gehaal moes word en een vir een in plastiek toegedraai moes word voordat dit uitgepak is. Dié plastiekomhulsels kan ook gebruik word om die doekies in weg te gooi nadat dit gebruik is.

"In Suid-Afrika loop 30% van meisies skool mis tydens hul maandstonde omdat hulle nie sanitêre doekies het nie," sê Ramabodu oor die projek.

"Ons wil die stigma oor maandstondes afbreek en veg vir volhoubare oplossings."

Die doekies wat ingesamel is, is onder skole in Mahikeng, by die NWU se kampus daar en in houers by winkelsentrums en ander besige punte in Noordwes se hoofstad versprei. GoAllOut verskaf die houers waarin mense die doekies gratis kan kry.

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.